Navrae
Enquiries
IMibuzo **PA Vinjevold**

Telefoon
Telephone
IFoni **021 467 2535/6**

Faks
Fax
IFeksi **021 461 3694**

Verwysing
Reference
ISalathiso **13/2/11/4**

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Geagte Ouer

JUNIE-JULIE-SKOOLVAKANSIE

Skole sluit op 9 Junie 2010 vir vyf weke. Dit is belangrik dat kinders in hierdie periode nie sal ophou om te studeer nie.

Om te verseker dat leerwinste van die eerste twee skoolkwartale nie verlore gaan nie, moet alle leerders, van graad R tot graad 12 sorg dat hulle elke dag lees, skryf en reken.

U rol as ouer hierin is van die grootste belang. Die WKOD het wenke verskaf van wat ouers kan en behoort te doen om leer in die volgende vyf weke te ondersteun. Raadpleeg asseblief die WKOD-webtuiste of u skool vir hierdie inligting.

Die WKOD het ook ón aantal programme gereël wat u kinders gedurende die vakansie kan bywoon:

1. Baie skole reël ón akademiese program vir een of meer weke van die vakansie. Vra u kind se prinsipaal om besonderhede van hierdie program.
2. Die WKOD Veilige Skole-program het ón verskeidenheid sport- en ander aktiwiteite gereël vir die eerste twee weke van die skoolvakansie. Besonderhede kan verkry word vanaf u skool of van die Veilige Skole-inbelsentrum by tel.no. 0800 45 46 47.
3. Die distrikskantoor sal ón verskeidenheid tutorprogramme vir graad 12-leerders aanbied. Besonderhede kan verkry word van u skool of van die distrikskantoor.

Daar is ook lokale beskikbaar waar leerders veilig kan studeer. Die tutor- en studeerlokale sal toegerus wees met vorige eksamenvraestelle, handboeke en studiegidse vir leerders se gebruik.

Namens die WKOD wens ek u toe ón aangename en veilige vakansie saam met u kinders.

Vriendelike groete

PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 04/06/2010